


**WAARMEE VOED JY JOU SIEL?**

📖 *"Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van die goddelose volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag* ***oordink****. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak." Psalm 1:1-3, 1983 Vertaling*

Die wêreld waarin ons leef, bombardeur ons daagliks met slegte nuus. Oorloë, misdaad, korrupsie, ekonomiese onsekerheid en menslike ellende vul nuusopskrifte en gesprekke. As ons nie versigtig is nie, kan hierdie stroom van negatiewe inligting ons denke, emosies en uiteindelik ons lewensbeskouing vorm.

Daarom wys Psalm 1 vir ons 'n **beter weg.** Die geseënde mens is nie iemand wat sy kop in die sand steek nie, maar iemand wat sy **vreugde** vind in die Woord van die Here. Sy fokus word nie oorheers deur die wêreld se donkerte nie, maar deur **God se waarheid.**

Die woord *"oordink"* in Psalm 1 beteken letterlik om **diep na te dink, met jouself te praat, te bepeins en selfs te herhaal wat jy gehoor het.** Dit beskryf iemand wat God se waarheid nie net lees nie, maar dit stadig in sy hart laat **insink totdat dit deel van sy denke word.**

'n Bees herkou sy kos. Hy eet nie haastig en loop dan weg nie. Hy bring dit weer op, kou dit verder en onttrek al die voeding daaruit. Net so is geestelike groei nie die gevolg van hoeveel Skrif ons lees nie, maar hoeveel daarvan ons toelaat om ons denke en lewens te vorm.

Paulus skryf: *"My little children, for whom I am again suffering birth pangs until Christ is completely and permanently formed (molded) within you"* (Gal. 4:19, AMP.). Die doel van geestelike groei is nie bloot meer kennis nie, maar dat Christus **al meer** sigbaar word in ons denke, woorde en optrede.

Dink aan 'n teesakkie wat in warm water geplaas word. Aanvanklik lyk dit of min gebeur, maar hoe langer dit daarin bly, hoe meer trek die geur, kleur en smaak deur die hele koppie. Net so vorm Christus ons nie deur 'n vinnige aanraking nie, maar deur 'n lewe wat in Sy teenwoordigheid **vertoef.** Wat binne-in ons is, begin uiteindelik deur ons lewe sigbaar word.

Vriende, die vraag is nie net wat jy lees of hoor nie. Die vraag is: waarmee voed jy jou hart dag ná dag?

💭 **Nadenke:**

… Wat vul jou gedagtes die meeste gedurende die dag: die wêreld se nuus, of God se waarheid?